

Straf God sonde op aarde?

Straf God sonde op aarde? – Francois Malan

'n Leser vra:

Wat is u mening: straf God sonde op aarde?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

God het vir die mens gesê: van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy (Gen.2:17), maar nadat Adam en Eva daarvan geëet het om soos God te word, het God in sy genade die mens nog 'n tyd gegee om te lewe voordat hy gesterf het. Maar die vrou se geboorte-gee aan kinders is met pyn en risiko gelaai as haar straf, en die aarde is vervloek om met distels en dorings die man se arbeid met moeite te belas as straf op sy sonde. Sedertdien sterf alle mense nog altyd. Rom.5:12 sê: deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. Rom.8:19-22 sê die skepping is aan verydeling onderworpe, alles gaan dood, omdat God dit aan die dood onderwerp het met die mens se sondeval, en sal van die verganklikheid bevry word wanneer God bekend maak wie sy kinders uit die mense is. Dood is straf op sonde.

Die Here straf Kain om 'n swerwer te word, nadat hy sy broer Abel vermoor het, maar uit sy genade gee die Here 'n teken aan Kain sodat niemand wat hom raakloop, hom sal doodmaak nie (Gen.4:10-15).

Toe die Here die mens se groot verdorwenheid sien, dat hy sy

lewe lank net slegte dinge bedink, het die Here alle mense en diere met die groot vloed uitgewis, maar uit genade vir Noag en sy gesin gespaar (Gen.6:5-8:18).

Toe die Egiptenaars die Israëliete verdruk het en harde slawe-
arbeid laat verrig het onder slawedrywers wat hulle geslaan en
gemoor het, het die Here Egipte met 10 plae gestraf
(Eks.3:7-12:30).

Toe Israel weier om in die beloofde land in te trek, het die
Here besluit om hulle met 'n pes uit te roei, maar op Moses se
gebed het die Here hulle 40 jaar lank in die woestyn laat
rondswerf, tot hulle almal gesterf het, en net hulle kinders
in die land kon intrek (Numeri 14).

Toe Moses ongehoorsaam was, die rots met sy kiere geslaan het
om water vir die volk te lewer, en nie met die rots gepraat
het, soos die Here beveel het nie, is hy nie toegelaat om in
die beloofde land in te gaan nie (Num.20:1-13).

Toe Dawid egbreek gepleeg het met Batseba, en haar man Uria
laat doodmaak het, was die Here se straf vir hom: die swaard
sal nooit uit jou huis weggaan nie (2 Samuel 12:10). Daarna
het Dawid se seun Ammon sy halfsuster Tamar onteer, en het
haar broer Absalom vir Ammon laat vermoor (2 Sam.13), Absalom
kom in opstand teen Dawid en word in 'n bloedige geveg wat
baie lewens geëis het, doodgemaak (2 Sam.18). En tog gaan die
geslag van Dawid voort deur sy seun Salomo wat hom opvolg,
volgens die Here se genade oor Dawid (2 Sam.7:12).

Dwarsdeur die geskiedenis van Israel straf die Here
uiteindelik die sonde van die betrokke koning en die volk, tot
Hy die 10 stamme in ballingskap na Assirië laat wegvoer nadat
hulle deur oorlog verteer is, omdat hulle afgode dien en die
Here verlaat het (vgl. Hosea 11). Maar omdat die Here sy volk

lief het, sal Hy hulle nie uitwis nie, en as hulle geleer het om na die Here terug te kom en om Hom lief te hê, sal hulle weer na hulle land toe terugkom (Hosea 14).

Ook die Juda-stam, wat al meer die afgode begin dien, word 100 jaar later ook vir 70 jaar na Babylon in ballingskap weggevoer, voordat die Here die pad oopmaak vir al twaalf stamme om terug te kom na die beloofde land (Jesaja 40; Esra en Nehemia).

En dan stuur God uit sy groot liefde sy Seun, om God se straf op die sonde van die hele wêreld, van Adam se tyd af tot Christus weer kom, te dra (Joh.1:29) en elkeen wat in Hom glo sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe hê (3:16). Maar wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie (Joh.3:18). Wie in die Seun glo, het (reeds) die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom (Joh.3:31).

Mense wat nie aan Jesus behoort en Hom volg nie, word gestraf. God openbaar Homself in die hele skepping, maar die mense aanbid dinge wat die Here geskep het in plaas van die Skepper, en lewe vir hulleself as hulle eie god. Daarom openbaar God vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. God se straf op sulke mense is: Hy gee hulle oor aan die drange van hulle hart en aan sedelike onreinheid, aan skandelige drifte, aan hulle verdraaide opvattinge, sodat hulle doen wat onbetaamlik is, bv. onsedelikheid, perversiteit, hebsug, gemeenheid, moord, bedrog, ens. (Romeine 1:18-32). As God sê, doen wat jy wil, is dit sy straf. Daarmee vernietig die mens homself, en beland hy ook in die ewige straf.

Maar vir mense wat glo dat Jesus God is, wat in ons plek die straf op ons sonde aan die kruis gedra het, en daarom ons lewe aan Hom wy, verander die straf in tug. Die Here tug hulle om hulle tereg te wys as hulle afdwaal, Hy tug hom wat Hy liefhet, en straf elkeen wat Hy as kind aanneem (Spreuke 3:11,12; Hebreërs 12:4-8). Met allerhande beproewings word die egtheid van ons geloof getoets sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus (1 Petr.1:6-7). God het die Heilige Gees gestuur het in elke gelowige te kom woon en werk (Joh.14:15-17; 16:7-11; Rom.8:13-17), om aan hulle die geloof in Christus te gee, en hulle lewens al meer te verander om soos Jesus te word (2 Kor.3:17-18).

Jesus het ook die dood van die gelowiges verander. Dit is nie meer 'n straf op ons sonde nie. Jesus het dit nou vir ons die deurgang na die hemel gemaak. Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie maar deur God, en dit bly ewig staan (2 Kor.5:1-2). Ons sterflike liggaam word met onsterflikheid bekleed, en dan sal die woord vervul word wat sê: Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal...ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning oor die sonde gee deur ons Here Jesus Christus (1 Kor.15:54-57).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)